**4 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 47 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 47:3**

## "Die Groot Koning"

Een van die heerlikste lofuitinge van ons as Godskinders is om God te kan bely as die Groot Koning. In Psalm 47 loof die kerk van alle eeue die Here só … as die Groot Koning! Of baie letterlik uit die oorspronklike taal: as die hoogste … opperste … hoogs-verhewe Koning.
Weet u, dat God Homself só aan ons openbaar, bring 'n heerlike gevoel van warmte en lof na vore. Ja, veral as die lewe jou soms uitmergel … en jy al die hartseer van jou bestaan beleef … en jy oor kommer in die hart soms só moedeloos kan voel … om dan God te kan ken en te kan bely as die Groot Koning, bring 'n heerlike gevoel van lof in jou hart.
Psalm 47 is gedig vir die jaarlikse fees waartydens die verbondsark in feestelike optog die stad ingebring en tempel toe geneem word. Die volk beleef en ervaar die Groot Koning in hulle midde. Hulle loop en sing en juig en jubel oor Hom. Tot vier maal toe in hierdie Psalm word God besing as Koning … en kan die kind van God Hom noem "ons" Koning (vs 7).
Maar die heerlikste betuiging van sy Koningskap vind gestalte in die persoon van Jesus Christus … toe Hy as Koning van sy Koninkryk hierdie wêreld binnegetree het. In sy omwandelinge op aarde … in sy preke en wonders … in sy gelykenisse en bemoeienis met sy volk, betuig Hy Hom as Koning. En uiteindelik sterf Hy aan die kruis … verneder en verwoes. Na drie dae staan Hy op uit die graf en lewe! Dan openbaar Christus Hom opnuut as die oorwinnende Koning.
Daarom kan ek en jy vandag en elke dag van ons lewe hierdie heerlike loflied in die hart beleef: God is in Christus óns Koning … die Groot Koning wat leef en regeer tot in ewigheid. Gaan leef daarom vandag in die aangesig van die Here en ervaar en beleef jou kindskap … jou verbondenheid … jou verhouding met dié Groot Koning van die heelal, Jesus Christus.

*Sing: Psalm 93:1, 4 (2001)*

*Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*